



Jan Luyt, Jr., een van die drie Kaapstadse beiaardiers.



Mnr. W. C. Cooper, een van die beiaardiers.



O. Wollheim, een van die Kaapstadse beiaardiers.

# MUSIEK.

## DIE KLOKKESPEL IN DIE STADHUISTORING IN KAAPSTAD.

*Deur Joh. Luijt.*

DAAR bestaan nog altyd 'n verkeerde denkbeeld van die klokkespel in Kaapstad, wat 'n present is van die vrouens as 'n gedenkteken aan die Wêreldoorlog. Die meeste mense verwag dat die musiek van die toring oor die hele stad sal gehoor word, waar 'n mens hom ook maar bevind. Dis onmoontlik. By stil weer en in 'n stil omgewing is die klokkespel oor die hele stad te hoor, maar as die wind so vinnig waai, vernaamlik die suidoostewind, en daar is baie geraas van voertuie en mense, dan kan die klokke maar net op hooggeleë plekke gehoor word. Dis waar die Stadhuistoring is nie gebou vir 'n komplete klokkespel nie, maar sedert die inwyding van die klokke deur die beiaardier Anton Brees het die toring baie verbeterings ondergaan. Die ruimte rondom die klokke is wyer gemaak, en die vensteropeninge is ook groter gemaak. Die harmonisasie van die musiek kan nou 'n beter uitweg vind na die buitekant toe. Dis nog nie so lank gelede nie dat iemand vir my sê: ,,Ek het vanmôre na die klokkespel gaan luister, maar ek is danig teleurgestel: ek het niks daaruit kan opmaak nie. Dis lelik daardie klokke!'' Toe het ek uitgevind dat die persoon vlak langs die Stadhuis gestaan het, weliswaar aan die Caledonplein se kant —dis 'n baie stille omgewing—, maar juis op die plek waar die toring enigsins ingesluit is deur 'n muur aan altwee kante. As die persoon net tien stappe verder weg gaan staan en luister het, sou hy die onderskeid gehoor het.

Die Stadsraad het gemeen dat die publiek nog maar min belang stel in hul gemeenskaplike instrument en daarvan nog jammerlik vervreemd is. Daarom het hulle vir die drie beiaardiers gevra wat nou die klokkespel beoefen, om elke Sondag en op al die kristelike en volksfeesdae vir die publiek te wil speel. Dis in die oggend en in die namiddag. Hoewel die park op die Caledonplein altyd op Sondag toegesluit bly, het die Stadsraad nou las gegee om die hekke oop te maak solank die klokkespel aanhou. 'n Mens kan nou rustig sit in 'n pragtige omgewing van natuurskoon. Ek was daar op 'n Sondag, en ek het gaan sit, om in die skaduwee te bly, op die bank vlak onder die klokke, maar die musiek was maar sleg te herken: ek het net die lae klokke kon hoor, en die hoës, wat die melodie van die stuk dra, het glad oor my heen geklink. Die volgende bank was al baie beter, maar die beste plek bly tog naby die nuwe Magistraatshof: daar is alles so stil.

Op die Vasteland van Europa is die klokkespel baie populêr, vernaamlik in België en Holland. Die laaste jare het hierdie kuns in Engeland ook baie toegeneem, en word daar nou baie beiaards (die klokke-instrument) bespeel. Loughborough besit 'n beiaardtoring spesiaal vir dié doel opgerig, en Amerika volg ook. Op belangrike feesdae of op mooi, stil someraande versamel daar honderde mense op die pleine in Antwerpe, Mechelen, Amsterdam en ander stede om aandagtig te luister na die musiek wat daar hoog in die lug van die beiaard klink. Die poliesieagente, sowel as die bestuurders van die trems, werk saam om die gewenste stilte te handhaaf. Die klokkespelers wedywer met mekaar wie die langste en fynste tremolo's (*tremolo:* vinnige herhaling van dieselfde toon) kan maak. 'n Toon van die klokke kan nie deursing nie: iedere noot van lang tydduur word soos 'n tremolo gespeel.

Die drie beiaardiers wat op die oomblik die klokkespel in Kaapstad bestudeer en op tye uitvoerings gee, is mnr. W. C. Cooper, O. Wollheim en Jan Luijt, Jnr. Mnr. Cooper is 'n uitstekende orrelis, en het baie kennis van die klokke. Sy programmas is meestal saamgestel uit klassieke musiek. Die here Wollheim en Luijt het lesse geneem by mnr. Anton Brees toe hy in Kaapstad was. Behalwe geestelike gesange speel hulle ook baie populêre musiek, asook toepaslike musiek vir sekere godsdienstige en volksfeesdae.

Wat ons hier nodig het, is iemand wat die suiwer tegniese vraagstukke sal kan oplos; wat 'n ondersoek sal kan instel na die ongetemperde stemming van die klokke en moontlike verbeterings sal kan aanbring soos in die verbinding, in die demptoestelle, in die naklank van die lae klokke en uitvind in hoever die toring besluit moet wees en hoe groot die openings.

VOLKSLIED vir Suid-Afrika, van Dr. Meiring Beck.

'n Nuwe Volkslied is in die handel gebring deur lady Meiring Beck. Die lied het al vroeër verskyn, maar is nou opnuut bewerk vir vierstemmige koor. Die musiek verskyn in note en syferskrif (Tonic Solfa). Die woorde, Afrikaans en Engels, is bewerk deur C. E. Viljoen. Die voordeel van hierdie Volkslied is dat dit gesing kan word deur alle Suid-Afrikaners, in teenstelling van ,,Die Stem van Suid-Afrika,'' woorde van Langenhoven en musiek van M. L. de Villiers, wat maar net vir die Afrikaners geskryf is. Dis 'n mooi, singbare, kragtige melodie vir 'n volkslied en goed van stemomvang, wat sy weg wel sal vind.

DINGAANSDAG, deur Mevr. Anna Lambrechts-Vos.

Die komponiste, wat haar danig beywer om Afrikaanse gedigte te toonset, het met *Dingaansdag*, woorde van Jan F. E. Celliers, 'n mooi stuk werk gelewer. Dis geskryf in die vorm van 'n kantate vir groot koor. Die opset van die komposiesie is baie groot. Op tye word al die stemme verdeel. Die komponiste gee die raad om by klein kore die sangstemme met instrumente te laat versterk, wat op dieselfde noot kan saamspeel. Ek hoor dat Kaapstad plan maak om hierdie werk op Dingaansdag uit te voer. Bravo! Die koor kan nie groot genoeg wees nie, en as die uitvoering in die ope lug kan geskied, sal dit seker honderde mense trek. Dames en here wat kan sing, moet help. Dis 'n mooi werk, en sal weer 'n stap vooruit wees op die weg om te toon wat Afrikaners kan doen. Mnr. S. C. Weich, p.a. Die Nasionale Pers, het die leiding op hom geneem. Gee almal u naam op aan hom.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012